23. Media / Publikasies

23.1 RAPPORT 1: DEPUTATE PUBLIKASIES – CJBF, KERKORDEBOEKIE EN EVANGELISERINGS- / PASTORALE MEDIA – REGLEMENTE (Art 101)

A. Dr GJ Meijer lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

Opdrag: Acta 2012:464.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 *Naam van die Deputate*

Die Deputate staan algemeen bekend as die Deputate CJBF, wat slegs na een van die spesifieke onderafdelings van die Deputate se opdrag en werksaamhede verwys.

In die Acta van die Algemene Sinode 2012 (Acta 2012:464) word meer korrek na die Deputate verwys as *"23.1 Rapport Deputate Publikasies – CJBF"* en *"23.3 Aanvullende Rapport Deputate Publikasies – CJBF".*

Die Deputate se opdrag word in drie Reglemente omskryf. Dit is om publikasies (CJBF, Evangeliseringsmedia en Kerkordeboekie) asook Psalm- en Koraalboeke te laat druk en beskikbaar te stel.

Aanbeveling: Na oorweging van verskeie moontlike name, word aanbeveel dat die naam van die Deputate verander word na **Deputate Gereformeerde Publikasies**.

Motivering: dit vat die uiteenlopende opdrag van die Deputate behoorlik saam.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Samestelling van die Deputate*

Hoewel die samestelling van Deputate in al drie die Reglemente voorgeskryf word, toon onderstaande tabel dat dit nie by die benoeming van Deputate toegepas is en word nie.

Acta	Deputate	Aantal Deputate
1982: 2.12 (659) 2.18 (660) 2.28 (662)	CJBF Evangelisasielektuur Kerkordeboekie	5 + direkteur 10 5
1985: 7 (818) 12 (819) 14 (820) 23 (821)	CJBF Evangelisasielektuur Formuliere en Belydenisskrifte Kerkordeboekie	6 + direkteur 9 6 6 + 2 adviseurs
1988: 2.7 (894) 2.12 (895) 2.21 (897)	CJBF Evangelisasielektuur Kerkordeboekie	6 + direkteur 10 7
1991: 2.6 (788) 2.12 (790) 2.20 (792)	CJBF Evangeliseringsmedia Kerkordeboekie	5 + direkteur (v en s) 8 + 1 adviseur 4 + 2 adviseurs

1994: 2.6 (730) 2.12 (731) 2.19 (732)	CJBF Evangeliseringsmedia Kerkordeboekie	3 + direkteur (v en s) 5 (v en s) 3
1997: 2.10 (940) 2.16 (941) 2.26 (943)	CJBF Evangeliseringsmedia Kerkordeboekie	4 + direkteur (v en s) 6 2 (v en s)
2000: 4 (540)	Publikasies	14 + direkteur en 3 redakteurs
2003: 4.3 (759)	CJBF, Quo Vadis en Evangeliseringsmedia	4 + direkteur (v en s)
2006: 2.4.3 (838)	CJBF, Kerkorde en Evangeliseringsmedia	7 + direkteur + koördineerder (v en s)
2009: 2.6 (845)	Publikasies 2.6.1 Kerklike Tydskrifte 2.6.2 Almanak 2.6.3 CJBF, Kerkorde en Evangeliseringsmedia	 7 + direkteur (v en s)

Met die benoeming van Deputate by die vorige Algemene Sinode, is daar weereens nie volgens die bepalings van die Reglemente gehandel nie (Acta 2012:518, 3.6.4).
Al drie die Reglemente bepaal dat daar vyf Deputate benoem moet word waarby die Uitvoerende Bestuurder van die Administratiewe Buro (ex officio) ingesluit is. Maar dit is nie duidelik of dieselfde persone as Deputate vir al drie benoem word nie.
Omdat daar in die onderskeie Reglemente gemeenskaplike maar ook duidelik onderskeibare opdragte gegee word, behoort die Deputate benoem te word vir die spesifieke opdragte wat deur die Reglemente gestel word en te funksioneer as een Deputaatgroep met subgroepe.
Aanbeveling: Die Deputate het besin oor sy opdragte en, met inagneming van kostes, tot die slotsom gekom dat om sy opdrag uit te voer, sy samestelling as volg behoort te wees:

Deputate Gereformeerde Publikasies

CJBF	3 lede
Evangeliseringsmedia	3 lede
Totiusfonds en Kerkordeboekie	2 lede
Elektroniese media en webblad	1 lid
Ex officio	1 lid van Bestuur Admin Buro/personeellid.

Die Algemene Sinode wys 9 lede, insluitende ‘n Voorsitter aan. Vier sekundi word aangewys, wat deur die Deputate in die onderskeie subgroepe aangewend kan word soos benodig. Die Deputate wys self ‘n Skriba aan asook die lede vir die onderskeie subgroepe.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Reglemente*

Die onderskeie Reglemente wat deur die Nasionale Sinode 2006 goedgekeur is, moet aangepas word om onder andere Nasionale Sinode te vervang met Algemene Sinode.
Voorts het die Algemene Sinode 2012 besluite geneem wat die werkswyse van die Deputate direk raak en dus in die spesifieke Reglement ingevoeg moet word.
Voorgestelde wysigings/aanpassings word in **vet gedrukte letters** aangedui en voorgestelde weglatings/skrappings is deurgehaal “~~abc~~”.

2.3.1 Reglement van die Calvyn-Jubileumboekefonds (CJBF) (Acta 1982:226-227, 2.5)

(Hierdie Reglement vervang en wysig enige ander Reglement wat bestaan.)

1. ***Sinodale magtiging*:** Die fonds is in 1909 deur die Algemene vergadering van die gemeentes in die OVS tot stand gebring en in 1927 aan die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oorgedra (vgl Reglement Acta 1933:130-131, 4a).
2. ***Naam*:** Die fonds heet die Calvyn-Jubileumboekefonds (CJBF).
3. ***Doel*:** Die doel van die CJBF is om deur middel van publikasies die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra en dwaalleer te bestry.
4. ***Administrasie***

4.1 Die administrasie van die finansies en publikasies van die Calvyn-Jubileumboekefonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk**e** in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang **deurlopend bestuurstate** ~~jaarliks geouditeerde state~~ waarin die stand van die fonds aangedui word.

4.2 Die Deputate vir die Calvyn-Jubileumboekefonds behartig ook ander publikasies namens ander Deputate (bv Deputate vir Katkisasie en Kerkmusiek) soos deur die **Algemene** Sinode opgedra.

5. ***Beheer*:** Die beheer en toesig oor die werksaamhede van die Calvyn-Jubileumboekefonds word deur **die Deputate Gereformeerde Publikasies** behartig wat tydens elke **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinodesitting benoem word.
6. ***Samestelling van Deputate***

6.1 **Drie van die nege lede van die Deputate Gereformeerde Publikasies word spesifiek benoem vir die CJBF.**~~Die deputate bestaan uit vyf lede waarby die sekretaris-penningmeester (ex officio) ingesluit is.~~

6.2 ~~Twee van die lede moet verkieslik op Potchefstroom woon.~~

6.3 ~~Ter wille van kontinuïteit moet ten minste twee lede herbenoem word.~~

~~6.4 Die Sinode wys ook secundi-deputate aan om moontlike voorkomende vakatures te vul.~~

~~6.5 Die deputate konstitueer self en verkies 'n voorsitter, onder-voorsitter en sekretaris.~~

~~6.6 Die deputate benoem 'n dagbestuur bestaande uit drie lede.~~

~~6.7 Die voorsitter van die deputate is ex officio voorsitter van die dagbestuur.~~

7. ***Opdragte en pligte van Deputate***

7.1 Die Deputate vergader so dikwels as wat nodig is maar ten minste een keer per jaar.

7.2 Wanneer nodig, belê die Voorsitter en **Skriba** ~~sekretaris~~ 'n vergadering.~~ Die Dagbestuur het ook die reg om 'n vergadering op te roep.~~

7.3 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds.

7.4 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fondse.

7.5 Die Deputate moet reëlings tref vir die keuring van manuskripte.

7.6 Die Deputate voer spesiale opdragte, deur die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode opgelê, uit.

7.7 Die Deputate sorg dat:

7.7.1 al die publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk word;

7.7.2 aan al die wetlike bepalings ten opsigte van publikasies voldoen word;

7.7.3 alle handels- of besigheidsaangeleenthede en sake in verband met die publikasies behartig word;

7.8 Die Deputate reël die noodsaaklike ooreenkomste **in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regspersoon van die GKSA**. ~~Die Voorsitter en Sekretaris onderteken die ooreenkomste.~~

7.9 Die Deputate tref reëlings vir die finansiering van die projekte wat aangepak word.

~~7.10 Die Deputate kan magte en pligte aan die Dagbestuur delegeer.~~

8. ***Finansiering*:** Die Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word. Finansiering kan op die volgende wyses gedoen word:

8.1 ramings vir ‘n spesifieke projek,

8.2 aanwending van bestaande opgehoopte kapitaal- en rentefondse,

8.3 spesiale fondsinsameling deur kollektes en donasies uit die kerkverband vir spesifieke projekte,

8.4 spesiale fondsinsameling deur kollektes en donasies uit die kerkverband om die kapitaalfonds uit te bou.

9. ***Ooreenkomste*:** Die Deputate het magtiging om die volgende ooreenkomste **in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regspersoon van die GKSA** aan te gaan:

9.1 vir die druk van die verskillende publikasies,

9.2 ooreenkomste met skrywers te opsigte van outeursgelde,

9.3 ooreenkomste ten opsigte van kopiereg op die publikasies. Die Deputate besluit ook oor aansoeke waar kopiereg ter sprake is,

9.4 (nie meer van toepassing nie).

10. ***Rapport aan die Sinode*:** Die Deputate doen verslag aan die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode oor al die werksaamhede van die Calvyn-Jubileumboekefonds.

11. ***Wysiging van Reglement*:** Wysigings van die Calvyn-Jubileumboekefonds kan alleen deur die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode gemaak word.

2.3.2 Keuringsreglement – Calvyn-Jubileumboekefonds (Acta 2006:759-760)

In aansluiting by die Reglement van die CJBF (Acta 1982:226-227) word die volgende riglyne gestel ten opsigte van moontlike publikasies:

1. Inhoud van publikasies

1.1 Publikasies moet daarop gerig wees om die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra en/of dwaalleer te bestry.

1.2 Wetenskaplike teologiese publikasies en proefskrifte word nie deur CJBF uitgegee nie, maar wel deur die Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

1.3 Publikasies moet Skrifgefundeerd wees – in ooreenstemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte.

1.4 Publikasies behoort begripsmatig afgestem te wees op die teikengroep.

1.5 Publikasies moet aktueel wees.

1.6 Publikasies moet treffend wees – die hart aanraak.

2. Styl van publikasies

2.1 Publikasies moet gestruktureer word deur onder andere van subparagrawe met gepaste opskrifte gebruik te maak – sonder om dit totaal te versnipper.

2.2 Publikasies kan in enige van die amptelike landstale voorgelê word.

2.3 Die taalgebruik moet eietyds en leesbaar wees.

2.4 Geen afkortings moet gebruik word nie – ook nie vir Bybelboeke nie.

2.5 Tegniese terme moet omskryf word.

2.6 Ten opsigte van formaat geld dat twee spasies na ‘n punt, dubbelpunt en kommapunt, maar net een spasie na ‘n komma gelaat word.

3. Voorskrifte vir skrywers

3.1 Die manuskrip moet in **elektroniese** ~~A-4~~ formaat wees, ~~en slegs op een kant afgedruk~~

3.2 Die manuskrip moet taalversorg en finaal geredigeer wees. Dit is die outeur se verantwoordelikheid. Die outeur moet meld wie die taalversorging gedoen het.

~~3.3 Vier kopieë van die manuskrip word by voorlegging verlang. Slegs op een titelblad van die vier kopieë moet die outeur se voorletters en van, en persoonlike e-pos adres verskyn. Verstrek ook 'n privaat posadres, ''n telefoon- en faksnommer. Die titelblad van die ander drie kopieë moet slegs die titel, en die teks van die manuskrip bevat.~~

4. Keuringproses

4.1 **Die** ~~'n~~ Manuskrip word vir evaluering gewoonlik aan drie keurders gestuur.

4.2 Die ~~CJBF~~ **D**~~d~~eputate **Gereformeerde** Publikasies neem gesamentlik 'n besluit oor wie vir 'n spesifieke publikasie as keurders genader word.

4.3 Die keurders word nie ingelig wie die outeur van die manuskrip of die ander keurders is nie.

4.4 Vandat die manuskrip uitgestuur word totdat die skrywer die kommentaar terugkry, duur enigiets van drie tot ses maande.

4.5 Wanneer al drie keurders se kommentaar ontvang is, word 'n samevattende verslag deur die lede van die Deputate verantwoordelik vir ~~verantwoordelike persone van die~~ CJBF opgestel **waarin** ~~wat~~ 'n finale aanbeveling **aan die Deputate Gereformeerde Publikasies ge**formuleer **word**.

4.6 Indien die aanduiding is dat die manuskrip bruikbaar is, word die manuskrip saam met ontvange kommentaar van die keurders na die outeur terugverwys vir finale hersiening en redigering.

4.7 In die saamstel van die keuringskommentaar word gepoog om nie kwetsende kritiek na die outeur deur te gee nie. As 'n keurder of keurders egter met gegronde redes negatief oor 'n manuskrip oordeel, kan kritiek positief en liefdevol aan die skrywer oorgedra word (sonder om die persoon aan te val).

4.8 Nadat die keuringsproses afgehandel is en die outeur die kommentaar verwerk het, moet 'n elektroniese kopie ~~en 'n papierkopie~~ aan die ~~CJBF~~ Deputate gestuur word. ~~Die elektroniese kopie moet op rekenaardisket gestuur word in die lêerformaat van die woordverwerkingsprogram wat gebruik is met die naam en weergawe van die woordverwerkingsprogram asook die lêernaam (byvoorbeeld Winword 6.0a: Steyn.doc). Hierdie disket word nie aan die outeur terugbesorg nie.~~

4.9 Na gelang van die omvang van die manuskrip, kan aan keurders 'n honorarium betaal word. Die keurders ontvang geen vergoeding vir hul werk nie, behalwe dat 'n gratis kopie van die finale produk aan hulle verskaf word.

2.3.3 Reglement Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:766-768)

(Hierdie Reglement vervang en wysig alle vorige besluite aangaande die Evangeliseringmediafonds.)

1. ***Agtergrond*****:** Die Evangeliseringsmediafonds het in 1991 ontstaan as samevoeging van die destydse fondse van die Deputate vir Evangelisasielektuur en dié vir Sending- en Nasorglektuur:

1.1 Die Evangelisasielektuurfonds het in 1945 ontstaan as 'n Evangelisasiefonds waaruit alle bedieningswerk rondom die bediening van die evangelie aan die buitekerklike gefinansier is. In 1961 is die fokus van hierdie fonds beperk tot die voorsiening van evangelisasielektuur.

1.2 Die Sending- en Nasorglektuurfonds het in 1964 ontstaan om te sorg vir voorsiening van Christelike lektuur soos benodig op die sendingveld.

2. ***Naam*****:** Die Evangeliseringsmediafonds (EMF)

3. ***Doel*****:** Die doel van die Evangeliseringsmediafonds is om lektuur en ander hulpmiddels beskikbaar te stel volgens die evangelisasie-, apologetiese en toerustingsbehoeftes van die kerke.

4. ***Administrasie*****:** Die administrasie van die finansies en die publikasies van die Evangelisasiemediafonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang **deurlopend bestuurstate** ~~jaarliks geouditeerde state~~ waarin die stand van die fonds aangedui word.
5. ***Beheer*****:** Die beheer en toesig oor die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds word deur die Deputate **Gereformeerde Publikasies** behartig wat tydens elke **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinodesitting benoem word.
6. ***Samestelling van Deputate***

6.1 **Drie van die nege lede van die Deputate Gereformeerde Publikasies word spesifiek benoem vir die EMF.** ~~Die Deputate bestaan uit vyf lede waarby die Direkteur van die Administratiewe Buro (ex officio) ingesluit is.~~

6.2 ~~ten minste twee lede~~. ~~Twee van die lede moet verkieslik op Potchefstroom woon.~~

6.3 ~~Ter wille van kontinuïteit moet ten minste twee lede herbenoem word.~~

~~6.4 Die Sinode wys secundi-deputate aan om moontlike voorkomende vakatures te kan vul.~~

~~6.5 Die Deputate konstitueer self en verkies 'n Voorsitter, Ondervoorsitter en Skriba.~~

~~6.6 Die Deputate benoem 'n Dagbestuur bestaande uit drie lede.~~

~~6.7 Die Voorsitter van die Deputate is ex officio Voorsitter van die Dagbestuur.~~

7. ***Funksionering van Deputate***

7.1 Die Deputate vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar.

7.2 Wanneer nodig, belê die Voorsitter en Skriba 'n vergadering. ~~Die Dagbestuur het ook die reg om 'n vergadering op te roep.~~

~~7.3 Die Deputate kan magte en pligte aan die Dagbestuur delegeer.~~

8. ***Opdragte en pligte van Deputate***

8.1 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds.

8.2 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fondse.

8.3 Die Deputate is verantwoordelik om alle besluite wat die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode ten opsigte van die Evangeliseringsmediafonds neem, uit te voer.

8.4 Die Deputate sorg dat alle publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk is.

8.5 Die Deputate sorg dat aan al die wetlike vereistes ten opsigte van publikasies voldoen word.

8.6 Die Deputate sorg dat aan alle handels- of besigheidsaangeleenthede in verband met die publikasies voldoen word.

8.7 Die Deputate reël alle ter sake ooreenkomste **in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regspersoon van die GKSA.** ~~; met die Voorsitter en Skriba wat alle ooreenkomste onderteken.~~

8.8 Die Deputate voer spesiale opdragte soos deur die **Algemene N**~~asionale~~ Sinode opgelê, uit.

9. ***Finansiering*****:** Die Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word.
10. ***Ooreenkomste*****:** Die Deputate het magtiging om die volgende ooreenkomste **in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regspersoon van die GKSA** aan te gaan:

10.1 Ooreenkomste ten opsigte van die druk van alle relevante publikasies.

10.2 Enige ander noodsaaklike ooreenkomste soos benodig vir die uitvoer van hul opdrag.

11. ***Rapport*:** Die Deputate lewer aan elke **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode volledig verslag oor al die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds.
12. ***Wysiging van Reglement*:** Wysigings aan die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds kan alleen deur die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode van die GKSA gedoen word.

2.3.4 Keuringsreglement – Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:768-769)

In aansluiting by die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:766-767) word die volgende riglyne gestel ten opsigte van moontlike publikasies:

1. Inhoud van publikasies

1.1 Publikasies moet daarop gerig wees om 'n duidelike Bybelse appél op die ongelowiges/buitekerklikes te hê.

1.2 Publikasies moet Skrifgefundeerd wees – in ooreenstemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte.

1.3 Publikasies behoort begripsmatig aan te pas by die teikengroep waarop dit gerig is.

1.4 Publikasies moet aktueel wees.

1.5 Publikasies moet treffend wees – die hart aanraak.

2. Styl van publikasies

2.1 Publikasies moet gestruktureer word deur onder andere van subparagrawe met gepaste opskrifte gebruik te maak – sonder om dit totaal te versnipper. Sodanige raamwerk help om gedagtes te sistematiseer en te orden en bied vir die leser 'n paar springklippe deur die rivier.

2.2 Publikasies kan in **enige van die amptelike landstale** ~~Afrikaans, Engels of enige amptelike tale van ons land~~ voorgelê word.

2.3 Die taalbebruik moet eietyds en leesbaar wees.

2.4 Geen afkortings moet gebruik word nie – ook nie vir Bybelboeke nie.

2.5 Tegniese terme moet omskryf word.

2.6 Ten opsigte van formatering geld dat twee spasies na 'n punt, dubbelpunt en kommapunt, maar net een spasie na 'n komma gelaat word.

3. Voorskrifte vir skrywers

3.1 Die manuskrip moet in **elektroniese** ~~A-4~~ formaat wees ~~en slegs op een kant van die bladsy afgedruk~~.

3.2 Die manuskripte moet taalversorg en finaal geredigeer wees. Dit is die outeur se verantwoordelikheid. Die outeur moet ~~asseblief~~ ook meld wie die taalversorging gedoen het.

~~3.3 Twee kopieë van die manuskrip word by voorlegging verlang. Slegs op een titelblad van die twee vier kopieë moet die outeur se voorletters en van, en persoonlike e-pos adres verskyn. Verstrek ook 'n telefoon- en faksnommer. Die titelblad van die ander kopie moet slegs die titel en teks van die manuskrip bevat.~~

4. Keuringsproses

4.1 'n Manuskrip word vir evaluering gewoonlik aan een keurder gestuur.

4.2 Die Deputate **Gereformeerde Publikasies** ~~vir Evangeliseringsmedia~~ neem gesamentlik 'n besluit oor wie vir die spesifieke publikasie as keurder genader word.

4.3 Die keurder word nie ingelig wie die outeur van die manuskrip is nie.

4.4 Die keurder se kommentaar tesame met 'n samevattende verslag **deur lede van die Deputate verantwoordelik vir EMF,** word aan die Deputate **Gereformeerde Publikasies** vir ~~Evangeliseringsmedia~~ ~~vir~~ goedkeuring voorgelê.

4.5 Indien die aanduiding is dat die manuskrip bruikbaar is, word die manuskrip saam met ontvange kommentaar van die keurder na die outeur terugverwys vir finale hersiening en redigering.

4.6 In die saamstel van die keuringskommentaar word gepoog om nie kwetsende kritiek na die outeur deur te gee nie. As **die** ~~'n~~ keurder egter met gegronde redes negatief oor die manuskrip oordeel, kan kritiek positief en liefdevol aan die skrywer oorgedra word (sonder om die persoon aan te val).

4.7 Na gelang van die omvang van die manuskrip, kan 'n honorarium aan die keurder betaal word.

2.3.5 Reglement Totiusfonds (Acta 2006:756-758)

(Hierdie Reglement vervang en wysig alle vorige besluite aangaande die Totiusfonds.)

1. ***Agtergrond*:** Die Totiusfonds het in 1936 ontstaan as resultaat van die sedering van die kopiereg van die Afrikaanse Psalmberyming van prof JD du Toit aan die GKSA. Die hoop is in 1936 uitgespreek dat dié fonds gebruik sou kon word vir die oprigting van iets monumentaals. Met verloop van tyd is bepaal dat die fonds in die eerste plek gebruik word vir die finansiering van die druk van Psalmboeke en Koraalboeke.
2. ***Naam*:** Die Totiusfonds (TF).
3. ***Doel*:** Die doel van die Totiusfonds is om voorsiening te maak vir die druk van alle Psalmboeke (waarin die 1937-beryming vervat word) en Koraalboeke van die GKSA asook die elektroniese beskikbaarstelling en verspreiding daarvan.
4. ***Administrasie*:** Die administrasie van die finansies en publikasies van die Totiusfonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang **deurlopend bestuurstate** ~~jaarliks geouditeerde state~~ waarin die stand van die fonds aangedui word.
5. ***Beheer*:** Die beheer en toesig oor die werksaamhede van Totiusfonds word deur die Deputate **Gereformeerde Publikasies** behartig wat tydens elke **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinodesitting benoem word.
6. ***Samestelling van Deputate***

6.1 **Twee van die nege lede van die Deputate Publikasies word spesifiek benoem vir die Totiusfonds.** ~~Die Deputate bestaan uit vyf lede waarby die Direkteur van die Administratiewe Buro (ex officio) ingesluit is.~~

6.2 ~~ten minste twee lede~~. ~~Twee van die lede moet verkieslik op Potchefstroom woon.~~

6.3 ~~Ter wille van kontinuïteit moet ten minste twee lede herbenoem word.~~

~~6.4 Die Sinode wys ook secundi-deputate aan om moontlike voorkomende vakatures te vul.~~

~~6.5 Die Deputate konstitueer self en verkies 'n Voorsitter, Ondervoorsitter en Skriba.~~

~~6.6 Die Deputate benoem 'n Dagbestuur bestaande uit drie lede.~~

~~6.7 Die Voorsitter van die Deputate is ex officio Voorsitter van die Dagbestuur.~~

~~6.8 Met die samestelling van die Deputate word gelet op die samestelling van die Deputate van die Calvyn-Jubileumboekefonds.~~

7. ***Funksionering van Deputate***

7.1 Die Deputate vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar.

7.2 Wanneer nodig, belê die Voorsitter en Skriba 'n vergadering. ~~Die Dagbestuur het ook die reg om 'n vergadering op te roep.~~

~~7.3 Die Deputate kan magte en pligte aan die Dagbestuur delegeer.~~

8. ***Opdragte en pligte van Deputate***

8.1 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds.

8.2 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fonds.

8.3 Die Deputate maak pro-aktief voorsiening vir genoegsame fondse om die druk van Psalmboeke en Koraalboeke moontlik te maak.

8.4 Die Deputate is verantwoordelik om alle besluite wat die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode neem ten opsigte van die publisering van Psalmboeke en Koraalboeke uit te voer.

8.5 Die uitvoering van sodanige opdragte moet in oorleg met die Deputate Liturgiese Sake geskied. Beide Deputaatgroepe (Gereformeerde Publikasies en Liturgiese Sake) moet nougeset met mekaar saamwerk in die afhandeling van hul onderskeie opdragte.

8.~~5~~**6** Die Deputate sorg dat alle publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk is.

8.~~6~~**7** Die Deputate sorg dat aan al die wetlike vereistes ten opsigte van publikasies voldoen word.

8.~~7~~**8** Die Deputate sorg dat alle handels- en besigheidsaangeleenthede in verband met die Psalmboeke en Koraalboeke behartig word.

8.~~8~~**9** Die Deputate reël alle ter sake ooreenkomste **in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regspersoon van die GKSA.**~~; met die Voorsitter en Skriba wat alle ooreenkomste onderteken.~~

8.~~9~~**10** Die Deputate voer spesiale opdragte soos deur die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode opgelê, uit.

9. ***Finansiering***

9.1 Die **Algemene** Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word.

9.2 Die Deputate maak pro-aktief voorsiening vir genoegsame fondse om die druk van Psalmboeke en Koraalboeke moontlik te maak.

10. ***Ooreenkomste*****:** Die Deputate het die magtiging om die volgende ooreenkomste **in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regspersoon van die GKSA** aan te gaan:

10.1 Ooreenkomste ten opsigte van die druk van alle Psalmboeke en Koraalboeke.

10.2 Ooreenkomste ten opsigte van kopiereg.

10.3 Ooreenkomste ten opsigte van tantieme.

10.4 Enige ander noodsaaklike ooreenkomste soos nodig vir die uitvoer van hul opdrag.

11. ***Rapport*****:** Die Deputate lewer aan elke **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode volledig verslag oor al die werksaamhede van die Totiusfonds.

12. ***Wysiging van Reglement*****:** Wysigings aan die Reglement van die Totiusfonds kan alleen deur die **Algemene** ~~Nasionale~~ Sinode van die GKSA gedoen word.

2.3.6 Aanbeveling: Keur die voorgestelde wysigings en sodoende die gewysigde Reglemente goed.

Besluit: Goedgekeur.